education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## MODEL 2008

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Kies en beantwoord EEN vraag uit ELKE AFDELING in hierdie vraestel.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50 punte) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele tekste | (30 punte) |
| AFDELING C: | Transaksionele naslaan- en informatiewe tekste | (20 punte) |

3. Nommer die skyfstukke wat jy kies korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is en dui die onderwerp duidelik aan.

4. Voer die opdragte by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.

5. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning en redigering wees.

6. Skryf netjies en leesbaar met blou ink.

7. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Punte word vir *beplanning, redigering, taal, styl* en *inhoud* toegeken.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400 – 450 woorde daaroor.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering gee.
- Jy moet jou skryfwerk minstens een keer redigeer voordat jy dit finaal oorskryf, maar jy mag dit meer kere redigeer as jy dit so verkies en die tyd dit toelaat.
- Dui jou finale produk met die volgende duidelike opskrif aan: VRAAG 1: FINAAL, asook 'n aanduiding van jou keuse, bv. 1.1.

1.1 Skryf 'n VERHALENDE OPSTEL met die volgende titel:

**Trieng ... trieng ...** **[50]**

**OF**

1.2 'n Familietroue is 'n goeie geleentheid om familiebande te verstewig én te leer om jou familie met hulle eienaardighede te waardeer. Skryf 'n BESKRYWENDE OPSTEL met die volgende titel:

**'n Familietroue**



**[50]**

**OF**

Kopiereg voorbehou 

1.3 Skryf 'n BEREDENERENDE OPSTEL oor die gevare van motorfietsbestuur. Dink oor die voordele en nadele daarvan.





**[50]**


**OF**

1.4 Kies EEN van die prente en ontwikkel jou eie tema. Die aard van die opstel kan verhalend, beskrywend, beredenerend, feitelik, betogend of bespiegelend wees.


1.4.1



1.4.2



1.4.3



1.4.4



[Grafika: www.google images.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 180 – 200 woorde daaroor.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering gee.
- Jy moet jou skryfwerk minstens een keer redigeer voordat jy dit finaal oorskryf, maar jy mag dit meer kere redigeer as jy dit so verkies en die tyd dit toelaat.
- Dui jou finale produk met die volgende duidelike opskrif aan: VRAAG 2: FINAAL, asook 'n aanduiding van jou keuse, bv. 2.1.

2.1 Skryf 'n ARTIKEL vir 'n koerant oor gesonde eetgewoontes.



[*Fair Lady*, Maart 2007] **[30]**

**OF**

2.2 Jy is die redakteur van 'n koerant. Skryf jou REDAKSIONELE KOMMENTAAR oor enige aktuele onderwerp. **[30]**

**OF**

2.3 Jy gaan die geleentheidsrede by die matriekafskeid lewer. Skryf jou TOESPRAAK uit. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE**

**VRAAG 3**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 100 – 120 woorde daaroor.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning en redigering gee.
- Jy moet jou skryfwerk minstens een keer redigeer voordat jy dit finaal oorskryf, maar jy mag dit meer kere redigeer as jy dit so verkies en die tyd dit toelaat.
- Dui jou finale produk met die volgende duidelike opskrif aan: VRAAG 3: FINAAL, asook 'n aanduiding van jou keuse, bv. 3.1.

3.1 Jy staan voor 'n graffiti-muur in die skool. Die vorige jaar se matrieks se name verskyn daarop. Skryf nou 'n bydrae vir jou skool se jaarblad oor jóú vriende. Skryf hulle name, hul opvallende kenmerke, asook wat jy dink in die toekoms van hulle sal word, neer. Gebruik volsinne en raak beskrywings. Gebruik die opskrif: SO SAL EK HULLE ONTHOU … **[20]**

**OF**

3.2 Hendrik neem sy meisie op 'n afspraak uit. Wat dink jy word gesê? Nommer die raampies op die volgende bladsy en skryf Hendrik en sy meisie se dialoog neer.




[*Stywe Lyne*, Maart 2006] **[20]**

**OF**

3.3 Jy het 'n nuwe CD gekoop en jou vriend/vriendin wil dit kopieer. Jy weet dit is onwettig, maar ter wille van die vriendskap gaan jy hom/haar tog verduidelik hoe om dit te doen.
Skryf jou INSTRUKSIES puntsgewys vir jou vriend/vriendin neer. **[20]**

**OF**

3.4 Jy en jou vriend het gaan draf en julle is toe onverhoeds deur 'n reënbui oorval. Gee WENKE aan ander drawwers in 'n soortgelyke situasie oor wat hulle te doen staan om te voorkom dat hulle siek word. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou